6 Maart 2024

Geagte DF-ouers

Hiermee wil ons graag die volgende ouers gelukwens met hul verkiesing op die skool se beheerliggaam 2024 - 2027.

1 Ferdi Booysen
2 Johan Breytenbach
3 Lubina Du Buisson
4 Francois Retief
5 Ilse van Dyk
6 Morné van Greuning
7 Deon Willemse

Baie dankie aan al ons ouers wat aan die elektroniese stemproses deelgeneem het en ons gehelp het. Die stempersentasie van 30.5 % dui op die hoë vlak van ouerbetrokkenheid en is iets waarop ons as skoolgemeenskap trots kan wees.

Ons wil graag ook dankie sê aan mnr. Johan Engelbrecht van Laerskool Welgemoed wat as verkiesingsbeampte opgetree het, asook vir al ons personeel wat gehelp het om die elektroniese stembrief gereed te kry en wat seker gemaak het dat alles seepglad tydens die verkiesing verloop het.

Ek rig graag 'n woord van waardering aan al die kandidate wat hulself beskikbaar gestel het en hulle bereid verklaar het om op die skool se beheerliggaam te dien – ons waardeer jul positiewe gesindheid teenoor die skool.

Graag wil ek ook van die geleentheid gebruik maak om die uittredende Beheerliggaam te bedank vir hulle tyd en werk wat hulle die afgelope drie jaar aan die skool en skoolgemeenskap gewy het. Ons waardeer dit opreg.

Groete.

JH Conradie
SKOOLHOOF